# Krieket

## Krieket wintertoernooi in Brits : Uitslae

Soos voorheen berig, het ons 1e-Span oefengroep deelgeneem aan ‘n wintertoernooi in Brits.  Ons is besonder dankbaar vir ATA wat ons nuwe wedstrydhemde geborg het. Die seuns het voorwaar spoggerig gelyk.



Voor vlnr :
Wandile Ntuli (Biokinetikus) ; Rohan Louw ; Heinrich Buitendach ; Mark Gorman ; Jadon Gordon ; Ludwig Erasmus (Kapt) ; Eumarie Snijders (Skeidsregter) ; Wian Rynners (o/Kapt) ; Ulrich Breytenbach.

Agter vlnr :
Dean du Toit ; JJ du Raan ; Andrew Durdle ; Jean Swart ; Zain Vorster ; Itumeleng Moseki (Afrigter) ; Ulrich Gouws.

**<u>13 Junie : T20 wedstryd teen Die Anker</u>**

Die Anker kolf eerste en behaal 123 vir 7 in hul 20 boulbeurte
Wian Rynners kry 3 paaltjies vir 24 lopies in 4 beurte (Brons balkie)



PNHS word beperk tot 112 lopies vir 4 in ons 20 beurte
Ulrich Breytenbach 33 lopies van 44 balle (Brons balkie)



Die Anker wen met 11 lopies

**14 Junie : ODI wedstryd teen Brits Hoërskool**

Brits kolf eerste en alhoewel ons hulle in die moeilikheid gehad het op 9 lopies vir die verlies van 4 paaltjies met JJ du Raan in wat van die eerste twee kolwers ontslae geraak het met vangskote van sy eie boulwerk vir slegs 6 lopies, volg twee goeie vennootskappe van 50 lopies en 159 lopies onderskeidelik wat Brits in staat stel om 287 aan te teken in hul 50 beurte.





Jean Swart 3 vir 56 in 10 beurte (Brons balkie)



Ons kolwers sukkel om by die groen kolfblad aan te pas en word uitgeboul vir 135 lopies in 30.1 beurte.

Ulrich Breytenbach 55 van 71 balle staan uit, (Silwer balkie)



Dean du Toit 28 van 54 balle

Brits wen met 152 lopies

**<u>15 Junie : ODI wedstryd teen Die Anker</u>**

Ons kolf eerste en word uitgeboul in 32.5 beurte vir slegs 106 lopies.
JJ du Raan 23 nie uit nie van 43 balle



Die Anker gaan ons telling verby in die 28e boulbeurt vir die verlies van 2 paaltjies.

Die Anker wen met 8 paaltjies.